# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 27/10 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Groot dank aan die volgende persone wat borgskappe vir die prysuitdeling gekry het:
     - Samantha Strydom
     - Caro-Lee Wright
     - Lelanie Ferreira
     - Ursula Mey
     - Mieke Baldie
     - Claudi Murphy

2. **<u>Eksamen 2022</u>:**
   Die eksamen vir graad 4- tot 6-leerders begin Maandag, 7 November tot Vrydag, 24 November, en die graad 7- tot 11-leerders begin Maandag, 31 Oktober, en eindig Donderdag, 24 November.

   Alle leerders het alreeds 'n eksamenrooster ontvang.

   Tydens die eksamen geld die volgende reëlings:

   - 07:30: Leerders tree in alfabetiese volgorde aan voor hulle eksamenlokale.
   - Eksamentye sal in die lokale opgeplak wees.
   - AFWESIGHEDE tydens eksamen:
     - Indien ‘n leerder afwesig is, moet ‘n doktersbrief so gou as moontlik by mev. Daleen Strydom ingehandig word.
     - Indien enige ander krisis opduik, moet persoonlik met mev. Stuurman gereël word.
     - Indien bogenoemde versuim word, sal 'n leerder vir die betrokke eksamenvraestel 0% ontvang.
   - Leerders moet sorg dat hulle elke dag die korrekte skryfbehoeftes het.
   - Leerders se tasse/sakke mag onder geen omstandighede by hulle wees tydens die eksamensessie nie.
   - Netheid van leerders (hare, naels en volle skooldrag) is steeds volgens skoolreëls.
   - Graad 1- tot 6-leerders is elke dag by die skool.
   - Graad 7- tot 11-leerders wat nie die betrokke dag 'n vak skryf nie, mag by die huis bly om te leer.
   - Die vak wat die dag geskryf word, se handboek moet ingehandig word. Indien 'n handboek weg of beskadig is, is u as ouer verantwoordelik vir die koste om dit te vervang.
   - Eksamentye: 07:30 tot 12:00
   - Busse vertrek 12:10

herotel

3. **Klerebanktye tydens eksamen:**
   Dinsdae en Donderdae: 12:30 tot 13:00

4. **Finansies:**

- Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om teen 30 November 2022 alle uitstaande skoolfonds te vereffen. Die skool het finansiële verpligtinge wat in Desember 2022 nagekom moet word, en is afhanklik van ouers se bydrae tot die skoolfonds.

- Busgeld vir die vierde kwartaal op die McLachlanbus moet asseblief teen 1 November 2022 betaal wees, ten einde ‘n plek op die bus te verseker.

- Die **kopieerkoste van R520** per leerder vir 2022 moes teen 25 Maart 2022 vereffen gewees het – daar is egter nog heelwat uitstaande. Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om die uitstaande kopieerkoste so gou moontlik te betaal. Die skool moet huurgeld vir die fotostaatmasjiene betaal, en ink en papier koop. Ons maak staat op u samewerking.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.
  Ons merk dat daar heelwat ouers is wat agterstallig is met die betaling van skoolfonds. Die skool kan nie die deure oophou indien ouers nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerders ontvang kwaliteit onderrig, dus is dit onregverdig dat betalende ouers, selfs onder moeilike finansiële omstandighede, leerders van ouers wat versuim om skoolfonds te betaal, moet subsidieer. Ons opregte dank aan ouers wat gereeld hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam + van** |

5. **Langkloof-Bloeiselfees: McLachlan-kinderkaartjie:**
   Alle Hoërskool McLachlan-leerders van graad 1 -11 kry die geleentheid om vir die Langkloof Bloeiselfees ‘n spesiale **McLachlan-kinderkaartjie** te koop om op Vrydag, 28 Oktober 2022, aan spesifeke kinderaktiwiteite deel te neem.

   ‘n McLachlan-kinderkaartjie kan vir **R30** nog Vrydag by juf. Marisa gekoop word.

   Die aktiwiteite by die **R30-kaartjie** ingesluit vir die leerders is soos hier onder uiteengesit:

| Graad 1 - 6 | Graad 7 – 11 |
|---|---|
| • Hektoegang : Vrydag, 28 Oktober 2022;<br>• Reptielvertoning deur “ Animals in Wonderland ” ;<br>• 1 X rit op die “ROCKET”;<br>• Deelname aan boeresport;<br>• Deelname aan “Dodgeball”. | • Hektoegang : Vrydag, 28 Oktober 2022;<br>• 1 X rit op die “ROCKET”;<br>• Deelname aan boeresport;<br>• Deelname aan “Dodgeball”. |

herotel

Vrydag, 28 Oktober 2022 se dagprogram:

- 07:30: Graad 1 – 11-leerders kom almal in gewone klere skool toe. Leerders wat R30-kaartjies gekoop het, ontvang hul feesbandjie wat vir hulle toegang gee om Vrydag aan die kindervermaakaktiwiteite deel te neem. Leerders volg die akademiese program tot 10:00.
- 10:00: Graad 1-6-leerders gaan na die NG Kerksaal vir die reptielvertoning en na afloop van die vertoning gaan hulle na die feesterrein vir die kinderaktiwiteite.
- 10:00: Graad 7 -12-leerders gaan na die feesterrein vir die kinderaktiwiteite.
- 14:00: Roetebus vertrek vanaf rugbyveld.
- **LET ASSEBLIEF DAAROP DAT LEERDERS NIE VRYDAG TERUG SKOOL TOE KOM NIE. OUERS MOET HUL KINDERS SELF(ENIGE TYD) BY DIE FEESTERREIN KOM AFHAAL.**

**DODGEBALL:**
**Alle leerders van gr. 4 – 11 word aangemoedig om in spanne van 5 in te skryf vir die "DODGEBALL"-kompetisies. Die fooi vir deelname is ingesluit by die R30-McLachlan-kinderkaartjie.**

**Dit gaan vet pret wees.**

**Koop so gou as wat jy kan jou McLachlan-kinderkaartjie en kom neem aan die feespret op Vrydag, 28 Oktober 2022, deel.**

Daar sal ook ander vermaak wees waarvoor leerders addisioneel kan betaal.

6. **Langkloof-Bloeiselfees: 26 – 30 Oktober 2022:**
Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Augusta soos aangedui.

| Bankbesonderhede: | Rekeningnaam: | **Langklooffees** |
|---|---|---|
| | Bank: | FNB Joubertina |
| | Takkode: | 210315 |
| | Rekening nommer: | 620 2722 6978 |
| | Verwysing: | **U naam en die aktiwiteit.** |

| Datum: | Aktiwiteit: | Plek: | Koste: | Kaartjies beskikbaar by: |
|---|---|---|---|---|
| Vr.<br>28 Okt. | Franja & Appel | George McLachlan-saal | Tafels:<br>R180<br>(ongeag ouderdom)<br><br>Rye stoele:<br>R 120<br>[Volw/HS-leerders]<br><br>R80<br>[LS/VS/Pensioenarisse] | Augusta Mattheus<br>042 – 940 2775<br>admin@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>29 Okt | Kaskarresies | Rugbyveld | VS – Skopfietse: R50<br><br>Juniorspan: R200<br><br>Seniorspan: R250 | Inskrywingsvorms beskikbaar by:<br>Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | <u>Volw/Plaas/Besighede</u>: R500<br><br><u>Uitdaag</u>: R200 Inskrywings sluit hektoegang in. | |
| Sa. 29 Okt. | Wicus v.d. Merwe | Tent | Ingesluit by Saterdag hektoegang. | N.V.T. |
| Sa. 29 Okt. | "Dodgeball"-kompetisie | Sportveld | Spanne van 5 deelnemers @R50 per span. | Kontak juf. Debbie Niehaus vir verdere inligting. |

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT DAAR KAARTFASILITEITE BY DIE FEES BESKIKBAAR GAAN WEES.

- <u>Skaaktoernooi tydens Langklooffees</u>:
  Die skaaktoernooi begin om 09:00 in die skoolsaal. Ouers word vriendelik uitgenooi om te kom kyk.

7. **<u>Sport:</u>**
   - Die 0/11-krieket het teen Laerskool Gamtoosvallei 'n krieketwedstryd gespeel en verloor. Die spelers het baie mooi gespeel en goeie vordering getoon.
   - <u>Atletiek</u>:
     Hoërskool Paul Sauer bied 'n atletiekuitnodigingsbyeenkoms op 3 November vir laerskool-atlete aan. Die atlete is alreeds ingeskryf en verdere inligting sal volg.

8. **<u>LTSM</u>**:
   Handboeke moet asseblief teruggebring word wanneer die kind die dag skryf. U as ouer / voog is verantwoordelik vir die onkostes van die handboek(e). U kind sal nie in 2023 'n handboek vir die betrokke vak(ke) ontvang indien die uitstaande handboek(e) nie terugbesorg is of betaal is nie.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

McLachlan Internet Fasiliteit